**Kommunikasie uit die Raad**

Die Raad van die Universiteit Stellenbosch (US) het op Maandag 26 September 2022 die derde van sy vier geskeduleerde vergaderings vir die jaar gehou. Die vergadering het weer in hibridiese vorm plaasgevind, en die meeste lede het dit fisies bygewoon.

Soos daar by die vorige vergadering besluit is, het die Raad sy verrigtinge begin deur die Universiteit se restitusieverklaring te oordink.

In die lig van die onlangse voorvalle van rassisme op kampus het die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, lede op hoogte gebring van die vordering van die onafhanklike kommissie van ondersoek onder leiding van regter Sisi Khampepe. Die kommissie sal na verwagting hulle verslag met aanbevelings teen die einde van Oktober voltooi en voorlê. Verdere gesprekvoering en optrede deur die Raad sal van die bevindinge van die verslag afhang.

Daarbenewens het die Rektor terugvoer gebied oor ontwikkelings en suksesse die afgelope jaar by die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke en die Skool vir Klimaatstudie.

Prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie, Korporatiewe en Globale Sake, het ’n oorsig gebied van gebeure in haar verantwoordelikheidsentrum die afgelope jaar en het veral suksesse op internasionaliseringsgebied uitgelig. Bedryfshoof prof Stan du Plessis het die Raad op sy beurt ’n oorsig gebied van werksaamhede in Bedryf en Finansies. Boonop het die Raad hom vir ’n tweede termyn as Bedryfshoof aangestel.

Daarbenewens het ons prof Sibusiso Moyo, pas aangestelde Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, by haar eerste Raadsvergadering verwelkom.

Laastens het die Raad goedkeuring verleen vir die vyf individue wat by ons gradeplegtighede in 2022/23 eredoktorsgrade van die US sal ontvang. Die ontvangers is ’n diverse groep met ’n internasionale impak, dog gewortel in Afrika.

Ondanks die uitdagings in die nadraai van die pandemie én die onlangse voorvalle op kampus, bevestig proff De Villiers, Du Plessis en Klopper se verslae dat die US weliswaar in die regte rigting beweeg.

Ons het druk dog beleefd gesprek gevoer, en lede is gretig om saam te bepaal watter koers ons moet inslaan sodat die US kan aanhou floreer.

Lees verder vir nóg besonderhede.

Vriendelike groete

**Ainsley Moos**
**Voorsitter: US Raad**

**Eredoktorsgrade**

Die Raad het goedkeuring verleen dat vyf persone by die US se gradeplegtighede van 2022/23 eredoktorsgrade ontvang. Die name sal later bekend gemaak word.

**Strategie, Globale en Korporatiewe Sake**
Ons Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake, prof Hester Klopper, het haar jaarlikse verslagdoeningsbeurt gebruik om die Raad van vordering in haar verantwoordelikheidsentrum te vertel, met ’n besondere klem op internasionale aangeleenthede.

Die US het tans vennootskappe met 320 universiteite en navorsingsinstitute in 64 lande op alle vastelande, en prof Klopper se verantwoordelikheidsentrum vervul ’n kernrol om die US se internasionaliseringstrategie deur die hele Universiteit te ondersteun.

Vir haar volledige verslag, klik hier.

**Bedryf en Finansies**
Bedryfshoof prof Stan du Plessis het ook sy jaarverslag aan die Raad voorgelê en ’n oorsig van die finansiële stabiliteit van die Universiteit gebied. Hy het met kommer opgemerk dat kwynende staatsfinansiering, veral wat die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) betref, ’n “werklike finansiële risiko” vir hoëronderwysinstellings inhou, maar het die Raad terselfdertyd gerusgestel dat die US finansieel gesond is.

Die US het die grootste enkele belegging in fasiliteite van alle Suid-Afrikaanse universiteite gemaak, en ons Omgewingsvolhoubaarheidsplan sal ’n verreikende impak op ons volgehoue sukses as ’n instelling hê. Boonop het misdaad op ons kampusse die afgelope dekade stelselmatig afgeneem.

Vir sy volledige verslag, klik hier.

**Heraanstelling van Bedryfshoof**
Prof Du Plessis is met ’n oorweldigende meerderheid vir ’n tweede termyn as Bedryfshoof aangestel. Sy nuwe termyn begin op 1 Januarie 2023 en eindig op 31 Desember 2027.

**Vergoeding**
Ná behoorlike bespreking en oorweging van die Rektoraat se aanbevelings oor vergoedingsaanpassings vir 2023, het die Raad ’n boperk van 6% op stygings in basisvergoedingsvlakke (BVV’s) goedgekeur en die groen lig gegee dat die beloningskema vir toppresteerders met ingang van 2023 geïmplementeer word. Hierdie aanbevelings is egter onderworpe aan die Raad se finale goedkeuring van die US se begroting vir 2023 aan die einde van 2022, sowel as bevestiging van ons finale staatsubsidie.

Hoewel personeellede die afgelope tien jaar salarisaanpassings van méér as inflasie ontvang het, is die Raad ook terdeë bewus van die impak wat die futlose ekonomie die afgelope 12 maande op werknemers se sakke gehad het.

**Naamsveranderinge in Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe**
Die Departement Sportwetenskap word herdoop tot die Departement Oefening-, Sport- en Leefstylgeneeskunde, en die Afdeling Biokinetika en Kinderkinetika sal voortaan bekend wees as die Afdeling Bewegingskunde en Oefeningterapie.

**Personalia**
*Eerste vergadering*
Die Senaat het prof Lesley le Grange vir die termyn 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2024 tot nuwe Raadslid verkies.

Die Wes-Kaapse premier het mnr Danie Rossouw vir die termyn 1 Augustus 2022 tot 31 Julie 2026 as nuwe Raadslid aangestel.

Die Studenteraad (SR) het me Masilo Silokazi en me Phiwokhule Qabaka uit die SR se eie geledere as nuwe Raadslede aangestel. Hulle sal van 21 September 2022 tot 20 September 2023 dien.

*Komitees*
Me Masilo Silokazi is ook as die studenteverteenwoordiger in die Raad se Taalkomitee aangestel.

**Volgende vergadering**
Die Raad se laaste vergadering vir 2022 vind op **28 November** plaas.